WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 02/2019
01/03/2019

WEE VAN DIE VETERANE

1. Passing of Ted Jupp of the SAN

Arne Soderlund advises with sincere regret "… of the passing in Cape Town of Ted on 17/02/2019 at the age of 94. He was the last of his generation! Our deepest sympathy to daughters Melanie, Lindsay and Gaye and their families. The memorial service was held on 26/02/2019 at Christ Church in Constantia".

2. Afsterwe van Sakkie van der Merwe van die SALM

Jaco Steenberg van die SAWV noem dat "… daar op die SALM se blad op Facebook met leedwese bekend gemaak is dat Sakkie op 18/02/2019 in Centurion oorlede is. 'n Gedenkdiens is op 22/02/2019 by die Raslouw NG Gemeente Raslouw in Wierdapark gehou"..

3. Afsterwe van Maritz Spaarwater van Afd Inl

Prof Deon Fourie van die Kavallerie verwittig met leedwese "... dat Maritz op 18/02/2019 in Onrus naby Hermanus na 'n lang stryd met kanker oorlede is. Sy vrou, Anna, se telefoonnommers is 028-316 3270 en 082 893 6208". Nota. Die artikel wat oor Maritz in Die Burger verskyn het, is in par 37 hieronder geplaas.

4. Afsterwe van AO1 Johnny Kieser van die Parabats

* Jaco Steenberg van die SAWV verwittig met leedwese "... dat Nico Beneke my ingelig het dat dat hierdie stigterslid van 1 Valsk Bn op 28/02/2019 in 3 Mil Hosp oorlede is. 'n Reus van die valskermeenheid en 'n Soldaat en Heer van formaat het geval. Rus in Vrede".

* Deon van Zyl van die Seiners rapporteer dat hierdie stigterslid van
1 Valsk Bn op 22/02/2019 by 3 Mil Hosp vir behandeling opgeneem is. Kyk par 22 hieronder vir die nuusberig wat op 27/02//2019 in die Volksblad verskyn het oor die swak behandeling wat Johnny daar ontvang het.

* Paul Els meld dat "... die begrafnis om 11:00 op Woensdag 06/03/2019 vanuit die Hugenote Kerk in Bayswater in Bloemfontein plaasvind".

5. Afsterwe van Boy du Toit van die Infanterie

* Chris Wehrmann van die Infanterie verwittig met leedwese dat "... Boy op 26/02/2019 in sy wooneenheid in Kaapstad in die ouderdom van 86 jaar oorlede is. Boy het die afgelope jare aan Alzheimer se Siekte gely. My medelye aan Hester en die twee seuns, Retief en Stevaans. Hester se selno is 082 576 6733".

* Paul Els noem dat hy "… met leedwese van Boy se afsterwe verneem het en dat hy Bev 2 SAI Bn Gp tydens Op Savannah was. Rus in Vrede, dit was 'n voorreg om jou te geken het".

6. Afsterwe van Charl Lodewyk Cilliers van 1 Valsk Bn

Paul Els van die Seiners verwittig met leedwese "... dat Charl in Des 2018 met aggresiewe breinkanker gediagnoseer is en nou op 16/02/2019 in Kaapstad oorlede is. Charl was Bev 1 Valsk Bn vanaf 02/04/1995 tot 30/09/1997 waarna hy afgetree en na Kaapstad verhuis het om 'n besigheid tot stand te bring. Die gedenkdiens het op 22/02/2019 by die NG Gemeente Stellenberg se kapel plaasgevind.
Ons innige meegevoel aan sy vrou, Emma, dogters, familie en vriende".

7. Afsterwe van AO1 Eddie Havenga van die SWAGM se Infanterie

Frank Frankenberg van die Seiners verwittig met leedwese "... dat Eddie op 12/02/2019 oorlede is. Rus in Vrede".

8. Afsterwe van AO1 Fries Neethling van die Militêre Polisie

Paul Els noem dat Gerhardus Oosthuizen op FaceBook met leedwese verwittig het dat "...dit vir my baie hartseer is om te laat weet dat RSM Neethling op 30/01/2019 oorlede is. Rus in Vrede Oom Dries. Ek salueer u".

9. Passing of Leon Rubens of the SAAF

The SAAF Association has advised with great sadness "… that Leon has passed away on 15/02/2019 in Cape Town. Leon served with the SAAF during WW 2 and after the war continued with his studies in art. Leon was very well known in art circles and held his last exhibition last year at the Castle. He is survived by Alida, his wife of many years. Our thoughts go out to her and the rest of the family at this time".

10. Terugslag vir Daan Badenhorst van die Infanterie

Jaco Steenberg van die SAWV rapporteer dat Daan ‘n “… heupvervanging gehad het. Hy het nou egter die heup uit potjie geval, maar dit gaan nou beter alhoewel hy tans grotendeels bedlêend is. Vir woorde van bemoediging kan sy eggenote, Louisa, by 044 272 5856 geskakel word”.

11. Mediese Behandeling vir John en Marietjie Lizamore

Geoff Holland-Muter van die SA Infanterie-vereniging rapporteer “… dat Marietjie ‘n suksesvolle operasie ondergaan het en tans by die huis aansterk. John se hart het kommer gewek, maar volgens sy kardioloog. gaan dit beter en John moet binnekort weer vir 'n angiogram aanmeld”.

12. Terugslag vir Adv Derick Coetzee van die Infanterie

Geoff meld dat “… Derick sy een voet op warm teer gebrand het. Hulle wou sy voet amputeer maar hy het geweier. Hy sterk tans by sy huis aan waar die behandeling teen infeksie voortgesit word”.

13. Terugslag vir Vrou van AO1 Fanie Brits van die Infanterie

Geoff noem ook “dat Fanie se vou geval en haar een been gebreek het. Sy sterk nou by die huis aan”.

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

14. Huldeblyk aan Johnny Kieser van die Parabats. Chris Pohl get die volgende huldeblyk namens al die Parabats verskaf:

“Kpl J. Kieser was een van die vyftien uitgesoekte SA soldate wat in 1960 na Engeland vertrek het om ‘n spesiale valskermspringkursus by die Britse lugmagbasis RAF Abington te voltooi. As deel van die opleiding het hy as instrukteur en afstuurder gekwalifiseer en hy en die ander sou terugkeer om ‘n valskermseenheid te stig. Na ‘n lang loopbaan by 1 Valsk Bn, waar hy uiteindelik die pos van RSM met groot waardigheid beklee het, het hy as ’n luitenant-kolonel afgetree.

Al die veterane in die valskermsoldategemeenskap ken hom. Die jonger garde het vir hom die eretitel ‘Oom Johnny’ gegee, ‘n teken van die agting wat almal vir hom gehad het. Talle staaltjies word van hom vertel en elkeen word met ‘n glimlag vertel, want met ons swaar kry het sy manier van doen ook ‘n ligte kant gehad. Hoewel hy uiters streng was, het hy nooit iemand te na gekom of verneder nie en almal het die grootste eerbied vir hom gehad. Johnny Kieser het meer as 4 300 valskerm- en vryvalspronge spronge gedoen, ‘n hele paar daarvan op 70-jarige ouderdom.

Die dood van Johnny Kieser laat ‘n groot leemte. Almal wat by 1 Valskermbataljon en elders met hom te doen gehad het, dink met groot eerbied aan sy nalatenskap.
Ons innige simpatie met sy familie en nabye vriende; van ons valskermsoldate, oud en jonk”.

15. Reëlings vir Begrafnis van Alex Potgieter van die Kavallerie

Toon Slabbert van die Kavallerie verklaar dat hy graag sy "… persoonlike dank teenoor die SAWV vir die reëlings uitspreek wat vir Alex se begrafnis getref is en in hierdie verband wil ek veral vir Johann du Preez vir sy optrede uitsonder. Die poging wat die SAWV op baie kort kennisgewing van stapel gestuur het, ongeag die feit dat die oorledene nie 'n ingeskrewe lid van die SAWV was nie, spreek boekdele en is 'n bewys van ongekende kameraderie. Nogmaals baie dankie aan die Bestuur van die SAWV".

MILITêRE AANGELEENTHEDE

16. Study on the State of the SANDF. Hennie Roux has provided this study by Dr Mills of the Brenthurst Foundation which has been shortened. The full document can be requested from Hennie's e-mail address at hennie@nostalgie.co.za:

The problem with the SANDF is a lack of political will to spend money properly and right-size the force for its 21st century roles and obligations.
Those with a vested interest in the defence establishment, routinely points out that the decline in funding which has shrunk by approximately 5% per annum in real terms, is the cause for the loss of defence capabilities. The other, extreme argument is that we would be better off without a defense force, and that it should be abolished altogether. While the country would hardly suffer if we did away with the SANDF right now, it is an insurance policy which you hope you will never require.
The Defense Review of 2014 noted that the SANDF was unable to meet standing commitments and is poorly equipped and funded to execute the widening spectrum of tasks. It warned that the SANDF is in a critical state of decline, characterised by the unaffordability of many of its main operating systems, the inability to meet current commitments and the lack of critical mobility. The Review is strategically irrelevant as it has not yet been able to focus the attention of policymakers on the central problem and offers less of rational analysis than a further wish list.
Of the regular force of 76 000 men and women, only 10% are medically fit enough to be deployable and with the need for rotation and training, only around 2 000 are available. Yet we have 15 companies deployed on our borders and a requirement for 22. The difference is made up by the 20 000 Reserves, of which some 15 000 are currently deployed. With more generals now than during border war years, there are critical shortages of all specialist staff. As a result, just two of 12 C-130 transport aircraft are reportedly currently flying, five of the 26 Gripen fighter-jets and less than one-third of the 35 Oryx helicopters. The Navy is hardly better off with just one of the three Type 209 submarines is fully operational and one of the four Meko-class corvettes. To make up critical skills shortages the SANDF has been forced to import personnel and there are now hundreds of Cubans mainly in technical roles.
The defence spending should be 40% salaries, 30% capital and 30% operational, but is more like 80:5:15. As a result, there is no money for new equipment and operational expenditure is severely limited. The SANDF has far too many people and cannot get rid of those who cannot fight. The average age of personnel is reputedly 48 and, ideally, should be 20 years younger. The government is fearful of making 50 000 SANDF members redundant especially when their skill sets are limited and level of politicisation is high. As a result, the SANDF has become a welfare and not a warfare agency. The SANDF desperately needs to admit its personnel problems and display the leadership by starting at both the top and the bottom, by halving the number of generals and replacing every two privates over 30 with one 18-year-old.

17. Luuksheid in die SANW

* AP Stemmet verwys na die foto hieronder en skryf aan Die Burger dat in sy dae "… in die SAW as 'n Burgermagsoldaat tydens opleiding of operasies, was die algemene gebruik om 'n holtejie in die grond vir jou heup te maak, jou slaapsak oop te rol en dan het jy lekker geslaap.Op 16/02/2019 verskyn daar op die voorblad van Die Burger 'n pragtige foto van Regt Kimberly se pantservoertuie met twee sulke fensie tentjies tussen hulle. Bid jou dit aan! Tentjies! My pantserbloed wou stol! Die regiment is 'n ou gerespekteerde eenheid met 'n ryke geskiedenis . Het hulle dan so sag geword ? Verder nog, daar is geen teken van wagte nie! Was alles die volgende oggend nog daar?"

* MS du Toit van die Infanterie en Afd Inl treë in die bresse vir die Kavallerie en vra vir AP of die ou Kavalleriste "... heeltemal onbewus is van diesel-aangedrewe stofies wat lank reeds standaardtoerusting by alle Ratels, Pantserkarre en Tenks is. Tegnologiese vooruitgang kan sake en die lewe in die veld baie vergemaklik!"

18. Keel Layed for the SAN's first Inshore Patrol Vessel (IPV)

Arne reports in his MN that the keel has ceremonially been laid of the SAN's first Multi Mission Inshore Patrol Vessel (MMIPV) at the shipyard of Damen in Cape Town on 23/02/2019. C Navy explained that a keel laying ceremony is an important tradition for any shipyard. It is naval tradition that every ship constructed for service be honoured on four historical ceremonial occasions, namely the keel laying, the christening (or launching), the commissioning and decommissioning.
The acquisition of the MMIPV under the R1.5 billion Proj Biro was approved in Oct 2017. The new vessel, P1571, will be completed in 2021 and is expected to be commissioned in Jun 2021. The second and third platforms are expected to be delivered in 2022 and 2023 respectively. The photo shows what the vessel will look like on completion.

19. New Russian Weapon Causes Hallucination and Vomit

According to Arne's new MN the Russian Navy reportedly has a new weapon that can disrupt the eyesight of targets as well as make them hallucinate and vomit. Russian state news agency RIA Novosti reported that a Russian military contractor has installed the weapon on two Russian warships. The weapon fires a beam similar to a strobe light that affects the target's eyesight, making it more difficult for them to aim at night. Volunteers said they felt dizzy, nauseous and disoriented.

20. Size of the US Navy

The USN says the current fleet of 288 ships is too small for the service's global responsibilities and is looking for ways to boost the fleet to 355 ships by the 2030s. However, it has concluded that it would be too expensive to bring back ships that have been mothballed. The Navy had looked at these vessels but have found that the ships are too old, while some have been cannibalized to keep existing ships running. The photo shows some of the mothballed fleet at the Philadelphia Navy Yard.



TOEKOMSTIGE OORLOë

21. NTR.

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

22. Berig in die Volksblad van 27/02/2019 oor Johnny Kieser

'n Waardige soldaat verdien nie dié behandeling

Deur **Petro Marais, Bloemfontein** | **27 Februarie 2019 00:00** | **Volksblad**

My pa, kol. Johnny Kieser, was een van die stigterslede van 1 Valskermbataljon en is Vrydagaand in 3 Militêre Hospitaal in Tempe opgeneem.

Tot Maandagmiddag is vir ons gesê ons moet die maaltydvervanger Ensure vir hom koop en het hy geen voeding in die hospitaal ontvang nie.

Ons het saam met van die ou valskermsoldate begin om vir hom kos te gee.

Die uitslae van 'n CAT-skandering wat op hom gedoen is, was Maandagmiddag om vieruur beskikbaar, maar vir ons is gesê om tot Dinsdag te wag omdat die dokters reeds huis toe is.

Hierdie skandering is gedoen om te bepaal of hy gered of gemakliker gemaak kan word.

Van die verpleegpersoneel is ongemanierd en arrogant.

Ons wat ons pa so moet sien, is geskok en hulle houding is dat ons lastig is.

Een van die dokters het haar hande by 'n kraan hier gewas en dit toe aan die laken op my pa se hospitaalbed afgedroog. Is dit praktyk in dié hospitaal?

Is hier rassisme betrokke of is dit alles net onbevoegdheid?

Hierdie mens, Johnny Kieser, het sy land 60 jaar lank gedien en beskerm.

Die valskermeenheid wat hy help stig het, was een van die spogeenhede in die land.

In valskermsport was my pa ook 'n Springbok-keurder.

Waarom kan die hospitaalpersoneel hom nie met waardigheid behandel nie?

Hierdie is maar een van die vele rillers in 3 Militêre Hospitaal.

Daar is mense wat die uniform van 'n dokter en verpleër dra wat dit nie werd is nie.

23. Swak Mediese Behandeling van Robbie Coetzee van die Infanterie

In die vorige Nuusbrief is gemeld dat Robbie probleme ondervind het met die betaling van rekeninge vir sy mediese afvoer per ambulans en behandeling. Die aangeleentheid is na 'n goedgesinde afgetrede mediese offisier verwys om te help en Robbie meld nou "… dat die mediese bevelvoerder in Potchefstroom my gekontak het en meegedeel het dat die rekening na heroorweging wel vereffen sal word. Die bevelvoeder het ook onderneem om vir my en Felix Hurter, wat ook In Potchefstroom woon, te woord te staan om 'n oplossing te vind om kommunikasie tussen die mediese eenheid en VPA lede binne die eenheid se verantwoordelikheidsgebied te verbeter. Ek is dankbaar vir die hulp met die spoedige oplossing van my probleem".

24. Johan Brink van Personeel se Ondervinding by 2 Mil Hosp

“Om 05:00 op 05/07/2018 is ek by Afd Ongevalle opgeneem met ‘n bloedklont in die regterbeen. Alles het snel verloop en na afhandeling van die ondersoeke het die dokter in bevel beveel dat ek SSM geopereer moes word. Teen 07:30 is magtiging verkry vir oorplasing na ‘n privaat-hospitaal. Toe begin ek wag want daar is nie ‘n ambulans beskikbaar nie! Teen 10:00 was daar ‘n voertuig maar nie ‘n drywer nie. ‘n Bietjie later daag die drywer op wat teesinnig die taak uitvoer. Die algemene diens, uitgesluit die knap mediese aandag, was swak, want die dringende noodoperasie kon eers om 15:00 uitgevoer word.

Die behandeling na die operasie was uitstekend. Op 07/072018 is ek ontslaan en my vrou het my kom haal. Sedertdien kry ek elke maand ‘n rekening vanaf die privaat hospital, die narkotiseur en die patologiese instansie. Dit word dan elke keer na Afd Pasiënte Admin by 2 Mil Hosp gestuur en word opgevolg met telefoonoproepe en twee besoeke by die betrokke verantwoordelike beampte. Ses maande na my operasie en na my soveelste navraag, verwittig die beampte dat Bev 2 Mil Hosp nog nie uitbetalings goedgekeur het nie. Hy belowe egter om ‘n afspraak met die bevelvoerder te maak sodat hy kan reël dat die agterstallige werk afgehandel word. Waarom is dit nodig dat lede van die SMMVF aan soveel stres onderwerp word omdat ‘n mediese bevelvoerder nie sy werk doen nie?”

FUNCTIONING OF THE MEDICAL CONTINUATION FUND (RFMCF)

25. Short Payments of Claims by Private Medical Schemes. The following appeared in the last Bulletin of the RFMCF:

Some RFMCF members also belong to private medical schemes. The RFMCF has received numerous claims from members requesting that the Fund reimburse them for claims short-paid by these private medical schemes. Please note that the Fund does not cover claims that have been short-paid by a member’s private medical scheme.

26. Useful Advice from the RFMCF

* Members of the RFMCF can register on the website to easily access their information such without contacting the Fund. There are also useful documents and forms on the website. The website is currently under construction and will be operating soon.

* Members of the RFMCF over the age of 70 will receive a letter from the Fund annually. This will ensure that our member records are up to date.

* Members will be asked to pay R75 for additional membership cards that they request. This is necessary to prevent the Fund incurring unnecessary costs.

* The Principal Officer will be visiting some Area Military Units to interact with members. Please be on the lookout for an invitation to a member day in your area.

* Contact the Client Service Centre on 012- 679 4200 or on Info@RFMCF.co.za .

27. The Flying Cheetahs of 1965. In the Jan 2019 edition of the Newsletter of the of the SAAFA Branch in Pretoria, this photo appeared of the Mirage Pilots of the Cheetah Squadron. The photo was published in 'Die Vaderland' of 11/09/1965. The names of the fighter pilots are the following from left to right:

Lt O.J. (Vossie) Vosloo, Lt O.W. (Ollie) Holmes, Capt Gawie H. van Dyk, Maj I.J. van der Merwe Maj J.D. Boardman, Cmdt Cliff Melville (OC of the Squadron), Capt A.H. van Schalkwyk, Capt H.A. Roux, Capt K.G. Smith, Lt R.B. King.

28. Kaas se Amperse Bedreiging van Persvryheid

Willem (Kaas) van der Waals vertel dat "… die skrywer, Al J Venter, wat tydelik 'n lid van die FNLA by Nova Lisboa was om informasie vir sy nuwe boek in te samel, toe my Veggroep Foxbat tin Okt 1975 by die dorp verby beweeg het. Al het self in sy boek, *The Battle for Angola,* daarna verwys. Ek het nooit geweet dat Al dié tyd in Nova Lisboa was nie en het dit eers later in sy boek gelees. Gelukkig het die FNLA daar besluit om 'n lae profiel te handhaaf. Gaan lekker daaroor gesels wanneer Al eersdaags die RSA besoek".

29. Kondome vir die Owambos

Dr Kriek van der Merwe van die Infanterie vertel dat toe hy "… onlangs na 'n kondoomuitstalling by 1 Mil Hosp staan en kyk, dink ek terug aan die geval toe daar by die basis te Oshigambo 'n pak van met 600 kondome aangekom het sodat ons 'komops' onder die Owambo-troepe kon pleeg. Dit het nie vir my sin gemaak nie, aangesien die troepe hierdie 'komops' verkeerd kon verstaan en ek het besluit om die kondome net voor bosverlof aan die troepe beskikbaar te stel. Binne een uur na die kondome beskikbaar gestel is, was alles geneem en het van die troepe gekla dat hulle nie gekry het nie. Die Medics stuur toe 'n krat kondome aan sodat kondome aan elke lid teen 'n

staftabel van 1k/l/d/14, naamlik een kondoom per dag vir 14dae, uitgereik kon word. Na afloop van die bosverlof was die terugvoer geweldig positief, maar daar was een lid wat wel sy dank betuig het vir die positiewe gebaar, maar hy het versoek dat die uitreiking verhoog moes word na drie kondome per dag vir 14 dae!”

NUWE MILITêRE BOEKE

30. *Africa Is The Western Front In The Struggle Against Militant Islam*

The author, Al J Venter of the FNLA, has published a book on the threat posed by al-Qaeda and the alarming spread of Islamic fundamentalist terror into Africa and in particular into West Africa. While the Middle East has been the traditional epicentre of Islamic extremism, the pendulum has begun to swing to Africa. Much of Somalia remains ungovernable, Boko Haram is attacking Niger, Cameroon and Chad and sporadic al-Shabaab-linked attacks continue in Mozambique, where rebels in the gas-rich, Muslim-majority Cabo Delgado region terrorise villagers. In the Central African Republic, Islamist rebel groups forced the Portuguese army into a five-hour battle, despite the deployment of an armoured group and 2 Para Inf Bn. The French have also been active in tackling the Islamist threat on the continent, where the bulk of their effort has been in the Republic of Mali and has managed to halt the rebels through combined air and ground attacks. The enemy is described as “… elusive, clever and remarkably well-trained, who have made an art of slipping in and out of mountain hideaways with the kind of ease that comes with experience. Worse, in the beginning, they always seemed to be one step ahead of our security forces”.

The conflict is beginning to resemble Afghanistan with government corruption and local support for border-crossing Jihadists. As French forces had moved further north, towards the mountains, solid evidence of foreign Jihadists fighting with nomadic Tuareg rebels emerged, with the enemy rarely taking prisoners. The insurgents have moved a number of BM-21 multiple rocket launchers out of Libya and moved them across the Sahara to Mali to use against the French.

The photos show the book cover, insurgents on the move and a Soviet GRAD multiple rocket launcher captured by French troops



PAUL ELS SE BOEKE

31. Boek oor 5 Militêre Werke-eenheid (5 MWE)

“Ek is genader om ‘n boek oor 5 MWE te skryf. Die lede wat die versoek gerig het, het reeds baie fotos en informasie verskaf, wat dit baie makliker maak om ‘n voorlopige boek aanmekaar te slaan. Daar kort egter detail en informasie oor die tydperk 1971 tot 1975 toe die eenheid in Voortrekkerhoogte was. Van die inligting noem dat die SAW ‘n sesdagwerksweek gehad en ek kan onthou dat toe ek aangesluit het ons ook op Saterdae gewerk het. Wie kan onthou wanneer ons na ’n vyfdagwerksweek oorgeskakel het?”

32. Kamp vir Stout Meisies

“Het nou gevind dat die MAFKAMP, wat Wes van die ou Lugmaggimnasium geleë is, tydens WO2 oor ’n Detensie Kaserne vir vroue beskik het. Ek wonder waar ek informasie daaroor sal kry”.

33. Boek oor die Limpopo Provinsie

“Daar is ’n kennis in Nylstroom wat besig is om ’n boek oor die Limpopo Provinsie te skryf en die een hoofstuk handel oor die SAW se betrokkenheid in die provinsie. Die informasie wat ek gehad het, het ek reeds aan hom verskaf, maar hy benodig onder andere detail oor die SALM se lughawe in Pietersburg en oor die Kommando’s. Hy sal dit waardeer as lede van die SAW wat in Nylstroom woonagtig is, hom sal kan help. Sy naam is Gawie Richter, sy selno is 082 374 9347 en tuis is sy nommer 014-772731”.

WELSYNSWERK

34. NTR.

ALGEMENE ASPEKTE

35. Die Ystergarde Raak Min

Paul Els noem dat nou met Johnny Kieser se afserwe is dit net Ronnie Claasen en Ysterhand van Niekerk wat nog van die oorspronklike 15 stigterslede oor is wat na England vir opleiding was.

36. Terug Na Wat in die Verlede Gewerk Het

Johan Schoeman van die SAGD (MS2) verklaar dat hy sien "... sommige prominente instellings en persone spreek sterk steun uit vir die President se beplande herinstel van die Nasionale Veiligheidsraad soos blyk uit sy onlangse staatsrede. Daar was 'n tyd toe soortgelyke instellings en die motivering daarvan bloot geïgnoreer of selfs verdag gemaak is. Van die resultate hiervan is steeds met ons. Wonder waar kom die nuwe begrip vandaan en ek sal nie verbaas wees as 'n nuwe vorm van die ou veiligheidsbestuurstelsel weer die lig sien nie. Sal ook nie verbaas wees nie as die SA Leër se kommandemente weer ingestel word en sowaar ook weer die kommando's".

37. The Remembrance Poppy

Jaco Steenberg of the SADFA advises that "... the Remembrance Poppy is the intellectual property of the Legion. It is registered as a trademark in the UK by the Royal British Legion, in Canada by the Royal Canadian Legion, in the USA by Legion America and also locally by the SA Legion. Please talk to Charles Ross to get the necessary authority if you want to reproduce poppy pins. The e-mail address is chross@iafrica.com and the website is at www.salegion.org.za".

38. Newsletter of the Naval Officers' Association of Southern Africa

Angel states that the Newsletter for Mar 2019 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

39. Military Despatches

Robbie Roberts states that "… the latest Issue of Matt Tennyson's masterpiece magazine, 'Military Despatches' is available for your reading pleasure and can be requested from my e-mail address at robbie.wa.roberts@gmail.com".

40. Artikel in Die Burger oor Wyle Maritz Spaarwater. Adm Johan retief het die volgende artikel verskaf wat oor sy goeie vriend in Die Burger verskyn het:

Maritz Spaarwater – nog 'n grote val

4 Oktober 1939 - 18 Februarie 2019

Maritz Spaarwater (79) van Onrus Manor is Maandagaand 18 Februarie na 'n lang stryd teen kanker oorlede.

Enigiemand sal kan getuig dat kontak met Maritz jou nooit onaangeraak kon laat nie, al was dit net om jou reg te help met die korrekte Afrikaanse woord vir "toast" of "scrambled eggs" of "good morning". Heelwat kelners sal hiervan kan getuig. Sy voorkeur was koffie- en ontbytpleksies waar hy kon rook en ongesteurd sy koerant lees.

Jacobus Maritz Spaarwater is 4 Oktober 1939 in Pelgrimsrus in Mpumalanga gebore. Hy het in 1957 aan die Hoërskool Lydenburg gematrikuleer. Ná 'n jaar se opleiding aan die Militêre Gimnasium, twee jaar se mediese studie aan die Universiteit van Pretoria (UP) en twee jaar in die staatsdiens, slaan hy oor na regstudies. Nadat hy kwalifiseer as prokureur, vervoel dit hom gou en hy vind sy nis in die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) en die wêreld van veiligheidsinligting (NI).

By die SANW dien hy in die infanterie, militêre inligting, spesiale magte en Krygkor. Oor 18 jaar in die weermag doen hy hoofsaaklik diens in die stafafdeling inligting (HIS) onder meer in 1975-'76 as inligtingsoffisier in Suidwes-Afrika en in 1981 as die SANW-gebiedsmag in Windhoek.

As kolonel is hy in 1981 verplaas na die Nasionale Intelligensiedienis waar hy vir 14 jaar daar dien. As adjunkdirekteur-generaal vorder hy tot die pos van hoofdirekteur navorsing en daarna hoofdirekteur operasies. In laasgenoemde hoedanigheid raak hy by die onderhandelingsproses vir 'n demokratiese Suid-Afrika (Kodesa) betrokke. In 1991 dien hy as hoofdirekteur onderhandelings-ondersteuning.

Maritz het homself beskou as 'n trotse maar kritiese Afrikaner en Suid-Afrikaanse patriot, op sy voorwaardes en sonder voorskrif deur ander.

Maritz Spaarwater

Hy het medeverantwoordelikheid aanvaar vir die Afrikaner se prestasies, asook vir sy jammerlike mislukkings. Hy het die akademiese grade BJur, BAHons, LLM en BPhil aan onderskeidelik Pretoria, Witwatersrand, Cambridge (UK) en Stellenbosch verwerf.

Uit sy pen het ook verskyn: *A Better future – Towards a winning nation in ten years* (UDM 1999), *A Spook's Progress – From Making War To Making Peace* (Randcen House, Struik, 2012), *Die spook wat boom geklim het en lig gevind het* (die Afrikaanse weergawe van die bogenoemde boek) en *Die familie Spaarwater in Suid-Afrika* (Erfenis-publikasies, 2014).

Maritz word oorleef deur sy vrou, Anna, twee dogters, twee seuns en vier kleinseuns.

Sy lewe word Maandag 25 Februarie 11:00 gevier by At The Village Stall, by die Sandbaai-kruispad, Hermanus. RSVP Lisa Spaarwater (SMS) by 082 964 4254.

Nota. Indien die skrif in die artikel te klein is om te lees, 'copy en paste' dit na 'n bladsy in Microsoft Word en stel die font om u te pas. Vra een van die kleinkinders om te help as u dit nie regkry nie.

NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

41. Inleiding

Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-organisasies ’n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle onderskeie aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan en insette sal waardeer word.

42. Die SAWV se Op Kolgans

Jaco Steenberg rapporteer “... dat Projek Kolgans in die toekoms as Op Kolgans bekend sal staan. Ons nooi alle Veterane en hulle gesinne en vriende om met die maandelikse ontbyte by ons aan te sluit by. Die ontbyte word nou reeds in die volgende liggings aangebied: ons aan.

Twee in Pretoria
Bloemfontein
Oudtshoorn
Standerton
Secunda

Veterane word aangemoedig om ’n SAWV eenheid in jou dorp of stad te begin en jou eie Op Kolgans te organiseer. Kontak my op 0732046066 of op bemarking@milvets.co.za vir advies”.

43. Assistance with the Social Relief of Distress (SRD)

Arlene Bronkhorst of the SADFA has provided a letter of the Department of Military Veterans in which they advise that they have entered into an arrangement with the Department of Social Development (DSD) to in future render SRD to Military Veterans who require assistance. These Veterans are in future to approach the nearest facility of the DSD and to hope for the best.

44. New Chairman of the Council of Military Veterans’ Organization (CMVO)

Mr S. Nosenga is the Chairman of the branch of the CMVO in Gauteng and has advised that “… the present Chairman of the CMVO, Maj Gen Johan Dippenaar of the Cavalry, is due to retire and our branch has nominated Col Salomon Potgieter of the Infantry as the new Chairman, based on the experience and expertise he has acquired since his appointment as the First Deputy President of SANMVA”.

45. Begrafnisvoordeel aan Militêre Veterane

Arlene Bronkhorst van die SAWV verduidelik dat Veterane geregtig is op ’n aantal voordele wat in die Wet op Militêre Veterane van 2011 (Wet 18 van 2011) voor voorsiening gemaak is. Uit ons oogpunt is die belangrikste waarskynlik die Begrafnisvoordeel wat soos volg omskryf is:

‘n Militêre Veteraan kwalifiseer vir begrafnisvoordeel teen die Staat se koste indien hy/sy ten tyde van hom/haar dood werkloos was en ‘n pensioen van die Staat ontvang het, of werkend was en ‘n inkomste van minder as R125 000 jaarliks verdien het. Die bedrag van die begrafnisvoordeel betaalbaar aan die Militêre Veteraan beloop R25 000.

Lede moet op die Dept van Militêre Veterane se databasis geregistreer. wees voor daar vir voordele aansoek gedoen mag word. Arlene noem dat die SAWV sy lede help om te registreer en om die nodige dokumentasie te voltooi en op te volg. Vir meer inligting ikontak die SAWV by sawv@milvets.co.za.

46. Omskrywing van ‘n Militêre Veteraan

In aansluiting by par 45 hierbo word ‘n Militêre Veteraan in die bogenoemde wet omskryf as enige Suid- Afrikaner wie:
a. Diens gedoen het in enige militêre organisasie, statutêre of nie-statutêre mag, wie betrokke was in al die kante van die Suid Afrikaanse Liberale Oorlog van 1960-1994.
b. Gedien het in die Unie Verdedigingsmag voor 1961.

Nota. Nogal ‘n interessante vertaling van die woord ‘liberation’ in par 46.a hierbo. Dit laat my nou sommer beter voel.

ASPECTS CONCERNING OUR PENSION FUND (GEPF)

47. Gebrek aan Toesig oor die OBK en GEPF se Bates

AP Stemmet noem dat daar in die Rapport van 03/02/2019 drie ontstellende berigte oor die ellende by die OBK en GEPF verskyn het wat toon hoe daar met die geld van die pensioenfonds gewerk is. Ons by die AMAGP het vol vertroue in die kommissie van ondersoek na die OBK. Die vraag kan egter met reg gevra word waar was ons verteenwoordigers, die Raad van Trustees van die Pensioenfonds, toe hierdie dinge gebeur het ? Laas toe ons van hulle gehoor het, is ons oor en oor verseker hoe goed dit met ons Pensioenfonds gaan. Nou word hulle stilte by die dag dawerender! Die lede van die Pensioenfonds het nou hulle versekering dat hulle nog in beheer is! Uit respek vir die Kommissie van Ondersoek onder die voorsitterskap van regter Mpati, weerhou ons ons tans van sterker kommentaar”.

48. Voordrag aan die Kommissie van Ondersoek na die OBK

In die media is gerapporteer dat Albert van Driel van die Infanterie op 28/01/2019 namens AMAGP ’n voordrag aan die Kommissie gedoen het. In die voordrag het Albert klem gelê op die misbruik van ons Fonds vir die bereiking van die regering se ontwikkelingsdoelwitte en onder andere verklaar dat “...die swartbemagtigingsdoelwitte geleenthede geskep het vir ongerymdhede, swak besluitneming en korrupsie. Voorbeelde is die onoordeelkundige en swak belegging van R2 miljard in Independent Media via dr Iqbal Surve se Sekunjalo-maatskappy en binne vier jaar doen die OBK weer ‘n enorme belegging van R4.3 miljard aan nog een van Surve se swak maatskappy, AYO Technology Solutions, van R4.3 miljard wat sedertdien reeds ‘n groot verlies toon.

Ons beswaar is dat die OBK en die GEPF die rol van die Nasionale Bemagtigingsfonds en die Ontwikkelingsbank van Suid Afrika se funksie van Swartbemagtiging oorneem met die gevolg dat ons Fonds waarskynlik ‘n verlies van R6.3 miljard gaan ly. AMAGP

het in 2018 ‘n verliesregister saamgestel, gebaseer op bekende en toekomstige verliese, wat nagenoeg R114 miljard bedra. Nota. Die volledige voordrag is in Maroelamedia se publikasie gedek en kan op die skakel by https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/mpati-kommissie-surve-moet-oor-obk-finansiering-getuig/ gelees word.

* AP Stemmet voeg by dat AMAGP se oudit-spesialis, Christo van Dyk, binnekort ook ‘n aanbieding oor die finansiële stand en volhoubaarheid van ons Fonds gaan doen.

49. Letter to the GEPF. In reaction to the announcement of the enquiry by the President , AMAGP wrote the following letter to the Chairman of the GEPF:

Good day Mr Sithole,

AMAGP is anxious to know wheter GEPF would now use the opportunity to recover Pension Funds that have been lost due to project/investment beneficiaries, that have not honoured their contractual commitments? A number of cases of hard evidence already exist as listed in your Annual reports of 2017 and 2018.

There are also other crude examples of unlawful activities which have occurred since circa 2014, eg losses that happened at old African Bankand , currently the Ayo Technology investment where R4.3Bn has been dropped into a bottomless hole. Through attachments some lost value could be gained (eg Dr Surve's aquisition of seven expensive apartments at V&A Waterfront costing R140m), whilst the latter did not even honour his commitments to Sekunjalo! And what about recovering the R7m from each of the two PIC officials who were black-mailed at VBS bank, during their tenures as directors at VBS? And so we can contnue relentlessly about other willful looting, eg the dishing out of millions of the GEPF’s funds to so-called facilitators as transaction fees where some fees were as ridiculously high as R50m for a single transaction!.

AMAGP would welcome your comment please?

Albert van Driel
AMAGP Management

50. Behoefte aan Groter Steun

Albert verklaar ook dat die AMAGP se bestuur en lede hard werk om ons Pensioenfonds te beskerm en dit waardeer sal word indien meer oud-kollegas by AMAGP aansluit, jaarlikse donasies maak om operasionele kostes te dek en om ook saam met ander organisasies by te dra vir noodsaaklike litigasies. Tans dra die Bestuur self ‘n groot deel van operasionele kostes!”

51. Bemarking van AMAGP

As Kleynhans van die Lugafweer bedryf AMAGP se webblad en het die pamflet hieronder beskikbaar gestel. As noem dat “…die makkers in ons ouderdomsgroep maar skaars is, want die manne is seker te besig om die lewe te geniet of is goedgelowig dat ons pensioenfonteinjie nie kan opdroog nie. Registrasievorms om by ons aan te sluit is op ons Facebookblad en ook op die webwerf by www.amagp.co.za beskikbaar. Ons moet saamstaan!”

52. <u>New Issue of the GEPF Monitor</u>

Errol Massey-Hicks reports that new Issue is now available and can be read on our website at www.amagp.co.za, or can be requested from his e-mail address at amagp.sek@gmail.com.

53. <u>Nuwe Voorkoms van AMAGP se Blad op FaceBook</u>

As Kleynhans van die Lugafweer verwittig "…dat AMAGP se blad op FaceBook 'n gedaanteverwisseling ondergaan het. Dit het 'n nuwe gesiggie en die naam is nou GEPF WATCHDOG/WAGHOND. Die nuwe voorkoms trek aandag en ons ledetal op Facebook binne drie dae met meer as 1000 gegroei, wat talle lede van die SAP en ander staatsdepartemente insluit".



SOEKTOGTE

54. Waar is Elna Meyer van die SAV

Gert Opperman van die Infanterie verwittig dat die grafsteen van die voormalige President Marais Viljoen deur vandale in die Helde-akker in Bloemfontein beskadig is. Die Stadsraad verlang vir een of ander rede die toestemming van die familie om die grafsteen te herstel. Elna is ‘n kleindogter van Oom Viljoen en Gert wil haar dringend kontak. Help asseblief vir Gert op sy e-posadres by gertopperman5@gmail.com.

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER REÜNIES

55. Gedenkdiens by die SAW se Muur van Herinnering

Johann du Preez van die RMVO verwittig dat die jaarlikse gedenkdiens op 26/05/2019 sal plaasvind. Sy e-posadres is johann.dupreez@milvets.co.za.

56. Infanteriste is Plesierig

John Lizamore verwittig dat “…die vorige hinderlaag van die SA Infanterie-vereniging was 'n reuse sukses. Bywoning was goed en die besoekspreker was puik. Die volgende hinderlaag vind om 11:30 vir 12:00 op Saterdag 16/03/2019 by die Bronberg Landgoed plaas. Dit is ‘n buffet aansit ete teen R100 per persoon. Drag is informeel. Bespreek bywoning met Geoff Holland-Muter by selno 076 637 9355 of op geoff@bexlosa.com . Kom Infanteriste kom kuier saam en bring julle vroue saam om die dag saam met ons te geniet. Die NUR se vergadering begin om 09:00 en die hinderlaag is direk na die vergadering”.

57. SAMIVA se Jaarlikse AJV en Herdenkingseremonie

Pieter Liebenberg is die Voorsitter van die SA Militêre Inligtingsveterane-vereniging (SAMIVA) en verwittig dat die datums van die jaarlikse AJV en Herdenkingseremonie verander is en nou tussen 22 en 24/03/2019 by die Inligtingmuseum in Colesburg sal plaasvind. Pieter se e-posadres is liebfox@gmail.com en sy selno is 079 487 6726.

.

58. SAWV se Landwye Maandelikse Ontbyte

In die vorige Nuusbrief is gemeld dat die SAWV se tak in_Pretoria, die Jakaranda Sektor, se ontbyt elke vierde Saterdag van die maand by Chatterleys in Valhalla plaasvind. Jaco Steenberg van die SAWV noem egter dat die datum verkeerd deurgegee is en dat dit elke tweede Saterdag van die maand by Chatterleys plaasvind.

59. Monthly Breakfast on 09/03/2019

Arlene Bronkhorstof the SADFA reports that "... it Is now officially Autumn and the first breakfast for Autumn will be from 08:30 on Saturday 09/03/2019 at Chatterley's Tea Garden in Valhalla. Cost is R50.00 per persoon. Bring your family and friends to enjoy a buffet breakfast with good friends. Book on sawv@milvets.co.za or
060 603 2930 before 08/03/2019".

60. Monthly Lunch of the Pretoria Branch of the SAAFA

The next Lunch will be held on Friday 08/03/2019 at 12:00 for 13:00 at the General's House, Air Force College, Thaba Tshwane. Surprise menu with salad and dessert. Cost is R100 per person and a Cash Bar is available. Book before 06/03/2019 at 012 651 5922, on 083 271 3153 or on pta@saafa.co.za or jaapross@gmail.com

ADMINISTRASIE

61. NTR.

NETWORKING

62. Werk in Sekuriteit

Johann du Preez van die SAWV verwittig dat daar poste beskikbaar is vir agt mans en agt vrouens in Centurion. Lede wat oor 'n sekuriteitsgradering beskik kan hulle CV indien sodat ek die onderhoude kan reël. Inkomste is in die orde van R7 000 per maand. My selno is 062 517 6939.

63. Uitrusting vir die Winter

Dr Kriek van der Merwe van die Infanterie noem dat "… die winter nader kom en die jagters gaan seker binnekort begin om hulle gewere te olie. Die vlekvrye staalbiltonghakies sal, soos verlede jaar, weer vanaf Apr beskikbaar wees. Ek het nou my eie aanleg ontwerp en vervaardig self elke biltonghakkie individueel, wat 'n koste-besparing van 84% teweeggebring het. Die hakie bestaan uit 3mm x 150mm industriële vlekvrye staal met snyvlakke op die punte (geen naaldpunte nie) wat meganies gebuig word tot 'n lengte van 80mm. Die prys beloop R100 vir 'n pak van 30. Karkashakke wat 400kg massa te kan dra en bestaan uit 8mm x 250mm industriële vlekvryestaal wat industrieel gebuig is tot 'n lengte van 170mm, wat vir veiligheid 'n skuins ronde punt het. Hierdie karkashake word om veiligheidsredes industrieel vervaardig en die koste beloop R100 per haak. My e-posadres is kriek1953@gmail.com".

64. Who is C. Cloete?

Paul Smulders says that he "… had bought a guitar from Cash Converters in Montana, Pretoria some time ago. While cleaning it I noticed the name C. Cloete, with his force number 73366874 engraved on the back of the headstock of the guitar. I have been curious since then to find out more information regarding the guitar and its owner. I would be most grateful If I could be provided me with either a contact number or any other information. My ell number is 083 310 7033".

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

65. Food for Thought

* War is young men dying and old men talking – Franklin D Roosevelt

* The problem with socialism is that you eventually run out of other people's money – Margaret Thatcher.

* You don't have to be great to start, but you have to start to be great.

* A wave of political correctness has washed over the world like a tsunami of raw sewage. It is dangerous, dishonest, and destructive - Doug Casey

66. Warning at Sea

One of Arne's readers of the MN tells that he had served on a vessel which had an inscribed brass plaque attached to the bulkhead above the chart table. It read the following: "A collision at sea can ruin your whole day".

67. Advice for a Happy Marriage

Before you get into an argument with your wife, ask yourself the following question:

Do you want to be right, or do you want to be happy?

68. Ability to Remember

People remember 10 percent of what they READ, 20 percent of what they HEAR, 30 percent of what they SEE, 50 percent of what they SEE and HEAR, 70 percent of what they SAY and WRITE and 90 percent of what they DO.

69. Wishful Thinking. The naughty Tanya Power in England, widow of Norman Power of Spec Forces, provided the following:

SLOT

70. And on that ticklish note, geniet die res van die week.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

71. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.